Ges. 160:1
Ges. 62:3
" 125:5

# Hierdie Jaar – Anderjaar.

Luk. 13:6-9

Auk. 31 Des. '61
Oujaarsaand

Luk. 13:8. Maar hy antwoord en sê vir hom: Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan.

Hier is 2 woorde wat dadelik ons aandag vasgryp: hierdie jaar – anderjaar. In hd. gelykenis verloop daar 'n volle jaar tussen hd. 2 woorde terwyl daar vir ons vanaand net 'n paar minute verloop voor hd. jaar anderjaar word. Dis as't ware of God die hele jaar vir ons saampers in 30 minute. En daarom kry d. inhoud van ons teks en van die gelykenis vir ons 'n dringendheid, 'n erns, 'n diepte wat ons nie mag ontwyk nie. ~~[illegible]~~ Ook vir ons tyd

Inl: Laat ons eers die agtergrond van hd. gelykenis kry voordat ons die inhoud van sy bdsk. ontleed en op onsself toepas.

Net vantevore het Xtus (12:54-59) die skare, sy volk, verwyt dat hoewel hulle verstandelik skerpsinnig genoeg is om die tekens v.d. natuur raak te sien en te ontleed, hulle geestelik stompsinnig geword het, hulle innerlik blind is om die tekens v.d. tye te onderskei (gebeurtenisse te beoordeel) om te verstaan watter lot hulle gaan tref as hulle God nie gehoorsaam ~~is~~ nie.

Nou antwoord d. skare – hulle verdedig hulleself deur die verwysing na die groep Galileërs wat onder d. hand v. Pilatus gesterwe het asof hulle aan Jesus wou sê: Sien U, ons is nie so dom en onnosel as U dink nie – ons kan wel die tekens onderskei. Ons sien hoe God hd. mense straf – om hulle sonde hd.

ramp oor hulle gekom! Ons sien dit raak!

En nou antwoord Xtus en met verwysing na nog so 'n ongeluk in Jerusalem, betig hy hulle en sê: Julle uitgangspunt is verkeerd: julle glo dat hd. mense spesiaal gestraf word om hulle sonde – maar julle vergeet: julle persoonlike en gemeenskaplike skuld is net so swaar – Julle mag nie oordeel nie: in werklikheid staan julle onder die oordeel! As julle nie oppas–

As ~~[illegible]~~ verduideliking en bevestiging van sy standpunt en sy uitspraak vertel Jesus nou d. gelykenis van die eienaar (God) ~~wat~~ sy wingerd gehad het (die wêreld) met die vyeboom geplant in die wingerd (Israel) en op d. gesette tyd kom vye soek – jaar na jaar. In radeloosheid volg dan d. opdrag aan die tuinier (Xtus): Kap uit! Waarop die tuinier pleit: Laat hom staan!

I Die Eienaar se Goeie Reg:

'n Drieledige reg wat d. eienaar besit:

1) Sy reg op besit: Dis sy grond, sy wingerd, sy boom, sy water, sy bewerking. Duidelik sê God vir ons: geen mens het enige regte in die oë van God. Gods se reg is die absolute: Hy het ons geskep, Hy het ons bevoorreg, Hy het ons bewaar en geseën: dis sy sonlig, sy aarde, sy gawes, sy eiendom!

2) Sy reg op vrug: Die eienaar het d. morele reg op vrug – Hy mag dit vra, want daarvoor is d. boom geplant. Wat soek God in ons? Wat mag Hy soek? Is dit nie reg dat



Hy mag kom en vir ons vra: Waar is die vrugte van julle lewe? Die vrugte van bekering? Die vrug van geloof? Die vrug van julle diens? Die vrug van julle Christelike beskawing? Vrug v.d. verkondiging v.d. Evangelie?

3) ~~Sy~~ reg ~~op~~ vernietiging: „Kap uit – waarom beslaan hy nutteloos die aarde?" Is dit billik? Ja seker – as die boom nie vrug dra nie, neem hy nie net vrugbaarheid uit die grond nie, maar hy ~~beslaan~~ neem ook nutteloos die plek van 'n ander boom wat kan vrug dra! En veral omdat Hy genoeg tyd, ruim tyd, aan die boom gegee het – 3 jaar nadat dit die 1e maal moes vrug dra. O, die geduld en lankmoedigheid van God! Een jaar – twee jaar – ~~nog~~ die jaar en uiteindelik: nog 'n jaar! Hoekom?

II Die Tuinier se Genadepleit:

Die man met die groot liefde vir die wingerd, vir elke boom en struik:

1) Sy pleidooi om ~~tyd~~ verlenging: Nog hierdie jaar – (Kap uit – laat staan). Hy weet: die tyd kan so baie dinge ~~verander~~ bewerkstellig: dit kan haat in liefde laat verander, hardheid in meegevoel, hoogmoed in nederigheid, versoeking in oorwinning. Die tyd heel baie smarte, die tyd genees baie wonde, die tyd bring nuwe sienings. Daarom pleit hy: Gee my tyd! – Dit ~~was d. ewe hier~~ was die pleit van Christus by God! (Soos Abram se pleidooi)

2) Sy plan tot verbetering: Om hom spit, bemes,: al die kanse en geleenthede tot vrug dra, uitbuit en benut. Geen steen onaangeroerd laat nie – met tere liefde versorg & besnoei!

— Hoe het Xtus dit nie gedoen nie! Die jaar waarin hy gepleit het vir die Godsvolk het in werklikheid 40 jaar geword: van sy kruisiging tot die verwoesting v Jerusalem in 70 n.X. Dis altyd so: God se genadejaar vir sy Kind en sy Kerk is altyd langer as ons mensl. jaar! En in dié tyd: wat alles gedoen vir hulle (gely, gesterwe, opgestaan, Gees gegee, Kerk gestig, apostels uitgestuur!)

3) Sy instemming m.d. finale beslissing:
„As hy nie vrug dra nie, kan u hom uitkap"
Erken d. billikheid v.d. eienaar se optrede:
Dis reg, sê hy, hy moet vrug dra – so nie, kap hom uit – neem hom weg!

→ God se reg mag eis: Kap hom uit! God se genade roep: Laat hom staan! As God wil kan Hy sê: Dis lank genoeg – hierdie jaar! Maar in werklikheid sê Hy: Anderjaar! Waarom? Omdat ons in Christus ons die groot Middelaar besit!

→ Ons getuienis as Xtene en as Kerk: Onvrugbaar! Versuim! Gefaal! God bedroef! Ons moet, as ons vorentoe terugkyk: God het reg om te sê: nie langer as hd. jaar nie! Maar in werklikheid sê God vorentoe, omdat Jesus Christus vir ons uitgetree het: Nog 'n jaar! Nog 'n jaar v. geleentheid, van gebed, van getuienis. O, laat ons bly wees en jubel: God gee ons nog 'n jaar! Maar laat ons dan ook smeek: Maak dit, o God, tot 'n goeie jaar, 'n vrugdraende jaar!

# Volgorde Diens

1. Votum
2. Lied -
3. Skriflesing
4. Gebed : Dank
   Bely
   Gebreke: dood - siekte - smarte -
   Nuwejaar
   Land en Volk + Owerheid
   Wêreld + leiers
   Kerk + Kldam
   Gemeente
5. Lied
6. Preek
7. Gebed :

Pause

8. Lofsang
9. Seën

**Kollekte by deure**

<u>Geked.</u>

1. D